MCPP, MLPP, MRPP
Pre-Primêr Pre-Primary

GELUKKIGE KLEUTERS GERAT VIR MÔRE!
HAPPY TODDLERS GEARED FOR TOMORROW!

# MIDSTREAM PRE-PRIMÊRE SKOOL
# MIDLANDS PRE-PRIMÊRE SKOOL
# MIDSTREAM RIDGE PRE-PRIMÊRE SKOOL

# TAALBELEID

**Opgestel:** Anke de Wet

**Regsbystand**: De Wet Oosthuizen Ingelyf

## 1. AGTERGROND

Die skool se Visie word vergestalt deur die skool se leuse:

***"Gelukkige kleuters gerat vir môre..."***

Die skool se Missie is as volg:

- Om kwaliteit, opgeleide personeel aan te stel wat 'n liefde het vir die onderwys;
- Om uitstekende fasiliteite daar te stel; en
- Om opleiding en selfverryking 'n integrale deel van die jaarprogram te maak.

Behoorlike kommunikasie is onontbeerlik vir suksesvolle en sinvolle onderwys. Op sy beurt kan daar geen behoorlike kommunikasie wees nie tensy die opvoeder bedrewe en die leerder en/of sy ouers ten minste redelik bedrewe is in die taal van onderrig van die Skool nie.

Gebaseer op die huidige menslike- en materiële hulpbronne van die Skool, is die Skool ten beste toegerus om die opvoedkundige behoeftes van leerders met Afrikaans of Engels as huistaal te bevredig. Derhalwe sal die behoeftes van sodanige leerders voorkeur geniet wanneer dit ook al nodig mag wees om die voorkeurorde van leerders se behoeftes te bepaal.

## 2. DIE SKOOL SE BEGINSELS EN OORTUIGINGS RAKENDE TAAL IN ONDERWYS

2.1. Dit is nie in die beste belang van die leerder dat sy keuse van onderrigtaal aanvaar word terwyl sy bedrewenheid in die betrokke taal sodanig te kort skiet dat hy nie in staat is om volgens sy vermoë te presteer nie.

2.2. Die vordering van leerders wat genoegsaam bedrewe is in die taal van onderrig van die skool, behoort nie vertraag te word weens die toepassing van spesiale taalvaardigheidsprogramme of die toedeling van bykomende tyd aan leerders met onvoldoende bedrewenheid in die betrokke taal van onderrig nie. Leerders van die skool mag nie benadeel word deur 'n ander leerder of groep leerders se keuse van 'n ongewone of vreemde taal van onderrig nie.

## 3. TOELATING

3.1. Die skoolhoof/direkteure/bedryfsbestuurder is geregtig om 'n leerder toelating tot die skool te weier indien hy/sy in goeie trou en op redelike gronde glo dat sodanige weiering in die beste belange van sowel die applikant leerder as die ander leerders sal wees, weens die gebrek aan bedrewenheid van die applikant leerder in die tale van onderrig van die Skool.

## 4. TALE VAN ONDERRIG EN LEER

4.1. Die tale van onderrig en leer van die skool is Afrikaans en Engels.

## 5. TAAL VAN ASSESSERING

5.1. Die taal van assessering by die skool sal Afrikaans en/of Engels wees.

## 6. KOMMUNIKASIE TUSSEN OUERS EN DIE SKOOL:

6.1. Enige en alle geskrewe kommunikasie, insluitend akademiese rapporte of verslae sal in Engels of Afrikaans plaasvind, afhangende van die ouers en/of voogde se voorkeur.

6.2. Ouervergaderings en onderhoude met ouers of voogde van leerders word in Engels of Afrikaans aangebied, afhangende van die ouers of voogde se behoeftes.

6.3. Die ouer en/of voog en/of ander volwasse persoon wat die leerders by die skool aflaai en/of oplaai moet Afrikaans of Engels magtig wees, sodat die nodige kommunikasie tussen daardie persoon en die skool se personeel kan geskied.

## 7. BEVORDERING VAN DIVERSITEIT EN VEELTALIGHEID

7.1. Die opvoedingsproses by die Skool moet daarop gemik wees om 'n kultuur van respek vir die land se diverse taalgemeenskappe te kweek.

7.2. Die kurrikulum maak voorsiening vir temas aangaande taal en kultuur met die oog op bevordering van diversiteit en veeltaligheid.

## 8. NAVRAE OF KLAGTES

8.1. Die direkteure, bedryfsbestuurder, skoolhoofde en skoolpersoneel is daartoe verbind om die skool se belange ten alle tye te bevorder en poog om die ontwikkeling van die skool te verseker deur gehalte onderrig aan alle leerders in die skool te verskaf. Hierdie verbintenis geld ook ten opsigte van die organisering van alle skoolaktiwiteite. Ouers word versoek om die skool in hierdie strewe te ondersteun.

8.2. Ouers word aangemoedig om enige navrae, klagtes of probleme ten opsigte van die skool en of skoolaktiwiteite as volg met die skool op te neem:

8.2.1. eerstens met die klasonderwyser van die leerder; en
8.2.2. indien die ouer nie tevrede is met die klasonderwyser se terugvoer nie of indien die probleem nie deur die klasonderwyser aangespreek kan word nie, moet die ouer die klagte of navraag op skrif met die skoolhoof, bedryfsbestuurder of Direkteure opneem, waarna die skoolhoof die nodige ondersoek op 'n geleë tyd sal behartig en die ouer/s sal kontak met terugvoer.

8.3. Ouers kan dringende aangeleenthede met die skoolhoof, bedryfsbestuurder of Direkteure bespreek deur vooraf 'n afspraak te skeduleer op 'n tydstip wat albei partye pas.

8.4. Ouers word versoek om navrae, klagtes en/of probleme met die Skool te bespreek en nie met ander ouers of die media nie.

8.5. Ouers word versoek om nie in die teenwoordigheid van leerders krities of negatief teenoor die personeel van die skool te reageer nie, maar om enige probleme met personeel eerder met die skoolhoof, bedryfsbestuurder of Direkteure op te neem.

8.6. Ouers word verder versoek om nie die gesag van opvoeders in die teenwoordigheid van leerders te ondermyn nie.

8.7. Klagtes en/of probleme sal slegs aangehoor word indien dit oor die spesifieke ouers se eie kind/kinders aangaan. Geen ouer sal toegelaat word om namens 'n ander ouer klagtes en/of probleme met die skool op te neem nie.

## 9. HERSIENING

Hierdie beleid sal van tyd tot tyd op deurlopende basis hersien en verder ontwikkel word, soos nodig geag deur die Skoolhoof, die Bedryfsbestuurder en/of Direksie van die Skool.

| ***Redakteur en Bydraer*** | ***Kommentaar*** | ***Datum*** |
|---|---|---|
| De Wet Oosthuizen Incorporated Legal Professionals | Beleidskepping | November 2019 |
| Operations Manager: E de Witt | Inhoud hersiening en opdatering | 23 Februarie 2024 |

**AANVAAR DEUR DIE DIREKSIE OP** 23\2\2024.

SKOOLHOOF

BEDRYFSBESTUURDER

DIREKTEURE